Gebedsversoeke

1. Uitreik na mense om ons wat swaarkry of siek is, of eensaam voel.
2. Barmhartigheidsdiens in ons gemeente.
3. 'n Heerlike skoolvakansie, veral vir leerders wat hard gewerk het deur die kwartaal.
4. Nestus en Elfreda met die heengaan van hul dogter

Uit die Kerkraad

DANKIE VIR:

1. 'n Heerlike basaar.
2. Kobus Blom wat ons bulletin proeflees.
3. Gusta Smit as nuwe diaken.
4. Die rekord aantal bestellings vir ons hoenderbraai vir Kenia. 117 porsies. Dankie vir Janus, Willem, Johan, Niel en Cecil wat dit in wind en weer gebraai het. Dankie vir almal wat dit ondersteun, geskenk en gewerk het.

Raad vir ekologies sinvol leef.

Die naakte waarheid oor kaal grond is dat dit in die meeste gevalle bitter sleg is. In 'n eetlepel gesonde grond is daar meer lewende mikro-organismes as wat dat daar mense op aarde is. Wanneer die son op kaal grond skyn, brand dit die meeste organismes dood. Plant dus inheemse grondbedekkers op kaal grond of bedek dit met houtsnysels (wood chips).

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

27 September 2026
Nagmaal
09h30 Struisbaai

Spesiale kollekte: Barmhartigheid

Vooruitsig op die week

Maandag:

Dinsdag: 14h00 Klerebank

Woensdag: 17h30 Gebedsgeleentheid

Donderdag: 10h00 Barmhartigheid

Vrydag: 07h30 Mannebybelstudie

Saterdag:

DINK en DOEN: KARAOKE

Hou jy van die 60s, 70s, 80s se musiek? Ondersteun dan asseblief ons KARAOKE wat op 23 Oktober om 18h00 in Struisbaaikerk plaasvind. R50 per persoon. Afrikaanse liedjies moet sommer nou al deurgegee word, asseblief. Bel of WhatsApp jou lied se naam en kunstenaar se naam vir Joanie by 072 5193170 as jy gaan deelneem. Alida en Mat moet dit dan soek en laai. Engelse musiek is makliker bekombaar. Bring die familie! En vriende! Annamarie Judd sê hulle gaan "platters" maak wat vooraf bestel kan word vir mense wat daarvan wil gebruik maak as piekniekkos by die KARAOKE. Meer daaroor later. Dink aan liedjies soos: Adios Amigo (Jim Reeves), Bachelor Boy (Cliff Richard), Hello Dolly (Broadway), Jy is my Liefling (Gé Korsten)...Volgende week gee ons nog voorbeelde. MOOI MUSIEK! Ons daag alle koorgroepe, die Kerkraad, blokke, belange-groepe, Bybelstudiegroepe uit - skryf in! Kaartjies beskikbaar by die Kerkantoor. Kom ons kyk of ons meer as100 kaartjies kan verkoop! Jy kan jou eie eetgoed ook saambring.

Verjaardae

Nico	Esterhuyse	09/27
Lizbé	Pretorius	09/27
Jeanne	Harmse	09/28
Emil	Herfurth	09/28
Christelle	Huisamen	09/29
Kowie	Mc Pherson	09/29
Ben	Bester	09/30
Philene	Blom	09/30
Dick	le Roux	09/30
Frikkie	vd Berg	10/01
Alta	vd Merwe	10/01
Daniella	Conradie	10/02
Isabel	Conradie	10/02
Leandi	Crous	10/02
Zarine	Grobbelaar	10/02
Amanda	Niemand	10/03

CAR BOOT SALE/ KATTEBAKVERKOPE

Saterdag, 3 Oktober, hou ons weer 'n CAR BOOT SALE (vanaf 09h00, op die parkeerterrein by Struisbaaikerk). ALLE items is welkom, van klere, beddegoed, tot kombuisware. As jy goed wil verkoop vir jou eie sak, is jy meer as welkom. Dan betaal jy R50 vir 'n staanplek en die geld gaan vir Diens van Barmhartigheid. Kontak Marietjie Hansen by 0844089472 as hulle jou moet help met 'n tafel. Bring dan net jou eie kleingeld en plastieksakke saam. Dankie vir hierdie geleentheid deur ons barmhartigheidsdiens gereël. Kom ondersteun hulle tafel ook.

VIR ONS KINDERS

Idiome, metafore en segswyses wat na die Bybel verwys:

1. 'n GIDEONSBENDE - 'n klein groepie mense wat getrou saamstaan om 'n skynbaar onmoontlike doel te bereik.
(Gideon moes sy bende van duisende manne verminder tot 300 man om die Midianiete te verslaan.)
2. So geduldig soos JOB - iemand met baie uithouvermoë en geduld ten spyte van groot teenspoed. (Job het alles verloor en nog steeds getrou gebly.)
3. Nie van ADAM se kant af ken nie - 'n totale vreemdeling vir iemand te wees. (Adam was die heel eerste mens.)
4. 'n GOLIAT - iemand met 'n baie groot liggaamsbou. (Die Filistynse reus wat deur die jong Dawid met 'n slingervel en klippie verslaan is.)
5.Vanwaar GEHASI? - as jy iemand onverwags teenkom. (Gehasi was die profeet Elia se handlanger. Hy het stilletjies geskenke opgeëis, wat hy nie veronderstel was om te doen nie.)
6. Pêrels voor die swyne gooi - gee iets kosbaars aan mense wat dit nie waardeer nie. (Jesus se waarskuwing in die Nuwe Testament.)
7. 7 Maer jare - 'n Lang tydperk van skaarste, ekonomiese swaarkry of droogte. (Die farao se drome wat deur Josef in Egipte uitgelê is.)
8. Jou hande in onskuld was - enige verantwoordelikheid vir 'n slegte situasie van jou afskud. (Pontius Pilatus het letterlik sy hande in die openbaar gewas toe Jesus oorgegee is om gekruisig te word.)

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za
Bankbesonderhede:
NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

MobiPay

VERSOEK

Daar is 'n vriendelike versoek dat ons moet onthou dat die "vrieskamer" nie 'n stoor-kamer is nie. Ons sukkel om by vrieskaste uit te kom vir ons daaglikse take. Dankie vir die verstaan.